**Publication:** Die Burger Suid-Kaap
**Title:** 'Trump gaan deure vir Afrikaners sluit'
**AVE:** 48357.54
**Page:** 7
**Publish Date:** 04 July 2025
**Author:** Arisa Schamrel

INNIBOS-GESPREKSREEKS

# 'Trump gaan deure vir Afrikaners sluit'

Arisa Schamrel

Pres. Donald Trump van Amerika gaan in 'n stadium sy land se deure vir Afrikaner-vlugtelinge sluit, sê prof. Theo Venter.

Die Amerikaners voer 'n veldtog waar daar baie meer geld is vir die agentskap vir immigrasie en doeane-afdwinging (ICE) om mense sonder die nodige dokumente uit Amerika te skop, het Venter, politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se sakeskool, gister in 'n gespreksessie op die Toyota Innibos Laeveld Nasionale Kunstefees in Mbombela gesê.

"Hulle word na 'n kamp in (die deelstaat) Florida gestuur en van daar na lande waarvoor die Amerikaners betaal."

Venter en prof. Waldo Krugell, ekonoom verbonde aan die NWU, het aan die Afrimat Openbare Gespreksreeks in die Laevelder Boma-kuierteater op die feesterrein deelgeneem.

## Hoe koop verbruikers?

Hoewel die gesprek op verskeie brandpunte gefokus het, het Krugell in 'n stadium na die koopkrag van die Suid-Afrikaanse verbruiker verwys.

"Verbruikers het ná die verkiesing asem geskep," sê hy.

Volgens hom het verbruikersvertroue gegroei en het Suid-Afrikaners nou effens meer besteebare inkomste.

Krugell sê motorverkope het sedert Januarie begin toeneem, hoewel verbruikers Indiese of Chinese motors koop pleks van die meer tradisionele handelsmerke.

Verbruikers eet ook nou meer uit en koop meer wegneemkos. Data wys dat verbruikers meer geld het om aan toebehore en meubels te bestee, maar Krugell sê die middelklas sukkel steeds geweldig baie.

Die joernalis en aanbieder Kabous Meiring was die gespreksleier van die sessie waar Venter en Krugell uitgewei het oor Trump en die drakoniese handelstariewe wat hy ingestel het.

"Handelstariewe is 'n ekonomiese meganisme wat Trump vir politieke gewin gebruik," het Venter gesê.

Trump het vroeër vanjaar reusehandelstariewe teen verskeie lande, insluitend Suid-Afrika en China, ingestel.

Terwyl die oorlog tussen Iran en Israel 'n hoogtepunt bereik het, het die VSA stil-stil 'n raamwerkooreenkoms oor die tariewe met China gesluit, sê Venter.

"Die Amerikaners het die Chinese toestemming gegee om olie by Iran te koop en so het China druk op Iran geplaas om vrede te maak. Dit wys jou hoeveel mag Trump werklik het," sê Venter.



Prof. Theo Venter
Foto: ARISA SCHAMREL

Venter beskryf die Amerikaanse president as 'n ontwrigter en sê hy is beslis nie 'n aanhanger van hom nie.

Hy het in die gesprek gesê hoewel Amerika besig is om mense te deporteer, het hy 'n klein groepie van sowat 8 000 mense ingebring, vernaam omdat hul vaardighede in die land broodnodig is.

"Die Afrikaner-vlugtelinge is 'n bitter klein deel van die groep," sê Venter.

Hy het ná die gesprek aan *Die Burger* gesê Afrikaner-vlugtelinge word nie net gekeur op grond daarvan dat hulle voel hulle word bedreig nie, maar ook op grond van hul vaardighede.

"Die Amerikaners het gedink almal wat oorgaan, is boere of gevestigde boere wat in die landbousektor kan werk en dit is glad nie die geval nie," sê Venter. "Ek dink dus daai kraantjie gaan ook toegedraai word."

Hy is van mening dat Trump in 'n stadium 'n beperking gaan plaas op die getal Afrikaner-vlugtelinge wat na die VSA mag gaan.

Venter sê Trump het vir 'n jaar vrye teuels om te maak soos hy wil voordat die middeltermyn-verkiesing in November volgende jaar plaasvind.


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.